VOORGRAADSE ASSESSERINGSREGLEMENT

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

June 2017

(Aangepas Desember 2019/Maart 2021/Oktober 2021/November 2021/Maart 2022)

Maart 2022 verduideliking:

- *Afdeling 5.1.5: Perke vir penalisering van laat-inhandigings.*
- *Afdeling 5.2.2: DVE kan nie gebruik word om enige verpligte assesserings wat vereis word om 'n module te slaag vervang nie aangesien die assessering spesifieke leeruitkomstes dek wat nie op 'n ander manier getoets kan word nie (bv., 'n verpligte internskap).*
- *Afdeling 5.4.1: 'n Voorvereiste kan slegs aan voldoen word indien 'n **geldige** prestasiepunt behaal word.*
- *Afdeling 5.6.1.3 en 5.6.2.2: A2/A2S2 punte sal nie op SUNLearn beskikbaar gemaak word nie.*
- *Addendum A Punt 3: Na afloop van A2/A2S2 sal kode 60 (sak) op SIS gelaai kan word.*

INHOUDSOPGAWE

1 INLEIDING 3

2 DOEL VAN ASSESSERING 3

3 BEGINSELS VIR EFFEKTIEWE ASSESSERING 4

3.1 Geldigheid 4

3.2 Egtheid 4

3.3 Betroubaarheid 4

3.4 Opvoedkundige impak 4

3.5 Akademiese integriteit 5

3.6 Deursigtigheid 5

3.7 Regverdigheid 5

3.8 Haalbaarheid 5

3.9 Tydige terugvoer 5

4 BELANGRIKE TERMINOLOGIE 5

5 BUIGSAME ASSESSERING VIR VOORGRAADSE MODULES 6

5.1 Hoofassesseringsgeleenthede (A) 6

5.1.1 Aanmelding vir hoofassesseringsgeleenthede 7

5.1.2 Asseseringsgeleenthede met meer as een vraestel 7

5.1.3 Hoofassesseringsgeleenthede wat misgeloop word 7
5.1.3.1 Skedulering van assesserings op godsdienstige vakansiedae .. 8
5.1.4 Merk/nasien van hoofassesseringsgeleenthede 8
5.1.5 Perke vir penalisering van laat inhandiging 8
5.2 Verdere assesseringsgeleenthede (VA) 8
5.2.1 Verdere assessering summatief (VAS): 9
5.2.2 Verdere assessering formatief (VAF): 9
5.3 Reëls met betrekking tot die bydrae van hoofassesseringsgeleenthede (A) en verdere assesserings (VA) tot ’n prestasiepunt (PP) na A2/A2S2 10
5.3.1 Reëls: Gewigte vir Semestermodules 10
5.3.2 Reëls: Gewigte vir Jaarmodules 11
5.3.3 Vroeë Assessering in eerstejaarsmodules 11
5.4 Toegang tot assesseringsgeleenthede en slaagvereistes 11
5.4.1 Toegang tot A3 (semestermodules) en A3S2 (jaarmodules) 12
5.4.2 Slaagvereistes 13
5.4.3 Ander sub-minima 13
5.4.4 Gebruik van assessering om aan voorvereiste kriteria te voldoen 13
5.5 Reëls met betrekking tot die berekening van die prestasiepunt na A3/A3S2 . 14
5.5.1 Reëls: Berekening van die prestasiepunt na A3 vir semestermodules 15
5.5.2 Berekening van die prestasiepunt na A3S2 vir jaarmodules 15
5.6 Bekendmaking en laai van punte vir modules 16
5.6.1 Vir semestermodules 16
5.6.1.1 Na A1 16
5.6.1.2 Voor A2 16
5.6.1.3 Na afloop van A2 en voor A3 16
5.6.1.4 Na afloop van A3 17
5.6.2 Vir jaarmodules 17
5.6.2.1 Voor A2S2 17
5.6.2.2 Na afloop van A2S2 en voor A3S2 17
5.6.2.3 Na afloop van A3S2 18
5.7 Toegang tot en bewaring van gemerkte antwoordstelle 18
5.8 Werk gedek per assessering, assesseringstipe en -tyd 19
5.9 Assesseringsroosters en –botsings 19
5.10 Moderering 19
5.11 Dekaansvergunningseksamen (DVE) 19
ADDENDUM A: LAAI VAN PUNTE MET SIS 21

1 INLEIDING

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe onderskryf die US se Assesseringsbeleid soos geformuleer in die "Assesseringsbeleid en -Praktyke aan die Universiteit van Stellenbosch" (word tans hersien). Gevolglik word die Fakulteit se assesseringspraktyke belyn met die beginsels van hierdie beleid. Hierdie reglementsdokument is geformuleer as 'n uitbreiding van die beginsels van bogenoemde beleid en verteenwoordig die Fakulteit se poging om hierdie beginsels te kontekstualiseer op 'n relevante en prakties uitvoerbare wyse. Dit moet gelees word saam met die Jaarboekinskrywing oor buigsame assessering.

Om te belyn met die bogenoemde beleid, onderskryf hierdie reglement die volgende beginsels:

- Assessering vorm deel van 'n geïntegreerde benadering tot studenteleer
- Assesserings behoort studenteleer te verbeter
- In 'n geïntegreerde benadering tot studenteleer is daar konstruktiewe belyning tussen leeruitkomste, leergeleenthede en assesseringspraktyke

Hierdie reglement ondersteun 'n buigsame benadering tot assessering en moedig die gebruik van verskillende tipes assesserings aan deur die loop van die module om by te dra tot die prestasiepunt (PP) vir die module. Hoewel toets-tipe assesserings steeds die mees algemene tipe assessering is, ondersteun hierdie reglement die argument dat verskeie vorme van assessering oorweeg moet word vir 'n effektiewe assesseringsstrategie.

Hoewel die beginsels wat hierdie reglement onderlê van toepassing is op voor- en nagraadse-assessering, is die bedoeling van hierdie dokument om die organisering en implementering van assessering op voorgraadse vlak te rig.

Die doel van hierdie reglement is sesvoudig, naamlik

1) die vermindering van studente se assesseringslading;
2) die vermindering van personeel se assesseringslading (in die vorm van opstel en nasien van assesserings);
3) die verhoging van studentesukses deur aan alle studente geleentheid te gee om alle assesseringsgeleenthede te benut oor die totale duur van die module;
4) die verbetering van studente se leerervaring (bv. deur 'n verskeidenheid assesseringsmetodes);
5) die vermindering van logistieke uitdagings met betrekking tot assessering (bv. die skedulering van lokale); en
6) die ontwikkeling van studente se verantwoordelikheidsin ten opsigte van leer.

Enige evaluering van die sukses (al dan nie) van die implementering van hierdie reglement behoort te geskied aan die hand van hierdie ses doelwitte.

2 DOEL VAN ASSESSERING

Assessering kan met verskeie oogmerke aangewend word maar al hierdie behoort die primêre doelwitte van die fasilitering van studenteleer en die voorbereiding van studente vir lewenslange leer, te dien. Assessering kan aangewend word vir diagnostiese, summatiewe, formatiewe, volhoubare en evaluerende doelwitte (sien die US Assesseringsbeleid vir verdere beskrywings van elk van hierdie doelwitte).

Dit is belangrik dat akademiese omgewings toesien dat beide assessors en studente 'n deeglike begrip het van die verskillende doelwitte van assessering. Dit is ook belangrik om kennis te neem van die feit dat enige assessering meer as een doel kan dien.

3 BEGINSELS VIR EFFEKTIEWE ASSESSERING

Die onderstaande beginsels[1] word in die US se institusionele assesseringsbeleid voorgehou as noodsaaklik vir effektiewe assessering. Die Fakulteit onderskryf hierdie beginsels en daar word verwag dat formele interne en eksterne modereringsprosesse sowel as informele prosesse (bv. eweknie-oorsig) sal toesien dat hierdie beginsels beslag vind in alle assesserings. Soos voorgestel in die institusionele assesseringsbeleid behoort geen van hierdie beginsels in isolasie te funksioneer nie maar moet eerder, so ver moontlik, in balans met mekaar aangewend word.

3.1 Geldigheid

Prestasie met enige assesseringstaak spruit merendeels uit dit wat die assesseringstaak veronderstel is om te meet, met minimale invloed van onverwante faktore. Afleidings wat gemaak word hou dus direk en hoofsaaklik verband met dit wat die assesseringstaak veronderstel is om te meet.

3.2 Egtheid

Assesseringspraktyke wat goed belyn is met aktiwiteite in werklike werkskontekste en wat vereis dat studente gepaste vaardighede en kennis toepas. Dit kan studenteleer verbeter vir ’n veranderende wêreld en geleenthede bied om graduandi-eienskappe te ontwikkel en assesseer. Die bedoeling is dus om leeromgewings te skep waarin outentieke kontekste gebruik word wat verseker dat assesserings werklik meet of studente hulle kennis en vaardighede effektief en realisties kan aanwend (eerder as om net oppervlakkige kennis weer te gee wat vinnig vergeet word na ’n assessering). Hierdie beginsel mag egter nie ewe relevant wees in alle leerkontekste nie.

3.3 Betroubaarheid

Assessering onderskei konsekwent tussen goeie en swak prestasie. Die resultate van individuele assesseringsgeleenthede sowel as die resultate van assesseringsprosesse (modules en programme) is herhaalbaar in verskillende kontekste of oor tyd heen.

3.4 Opvoedkundige impak

Assessering beïnvloed wat, wanneer en hoe studente leer. Ter wille van studenteleer behoort dosente toe te sien dat inhoude ingesluit in assesserings sowel as assesseringsmetodes relevant en gepas is vir die uitkomste, dat assesserings so geskeduleer word dat dit ’n dieper benadering tot leer bevorder en dat die verband tussen individuele assesserings en module –en programuitkomste duidelik is.

Opvoedkundige impak word verhoog wanneer geen enkele assesseringsvorm of –doel voorkeur geniet bo ’n ander nie. Assesseringsstrategieë behoort dus toe te laat vir voldoende formatiewe geleenthede (met gepaardgaande tydige terugvoer), betroubare en regverdige summatiewe assesseringsgeleenthede en genoeg geleenthede om die vaardigheid van lewenslange leer te ontwikkel.

[1] ’n Meer volledige beskrywing van hierdie beginsels is beskikbaar in die “Assesseringsbeleid en –praktyke aan die Universiteit van Stellenbosch” (2012).

3.5 Akademiese integriteit

Akademiese integriteit beteken dat dit werk wat studente doen, hulle eie werk is. Om vas te stel of leer plaasgevind het by ’n student en of die module/programuitkomste bereik is, moet dosente weet dat die werk wat hulle assesseer die studente se eie is. Die nodige prosedures bestaan om oneerlikheid so ver moontlik te verhoed, te bespeur en te hanteer. Dit impliseer dat alle betrokkenes op hoogte is van die institusionele reëlings in hierdie verband, soos beskryf in die Universiteit se Plagiaatsbeleid (US 2016). Hierdie reëlings geld vir kontak (beide met en sonder toesighouding) en aanlyn/nie-kontak (beide met en sonder toesighouding) assesserings.

3.6 Deursigtigheid

Genoegsame en relevante inligting oor assessering is aan studente bekend deur middel van die Algemene Jaarboek Deel 1, module raamwerke of studiegidse en ander platvorms waar toepaslik. Dit sluit inligting in oor assessering, byvoorbeeld die redes vir die assessering, wanneer dit sal plaasvind, metodes wat gebruik sal word, vereistes waaraan dit gemeet sal word (dit sou assesseringsrubrieke vir skryftake kon insluit), die wyse waarop die finale punt bereken sal word en die omgewingspesifieke appélmeganismes sowel as die beskryf in die US Jaarboek (deel 1).

3.7 Regverdigheid

Assesseringsisteme is billik deurdat alle studente regverdig behandel word, sonder vooroordeel of diskriminasie (bedoel of onbedoeld) en met die nodige hulp om onvermoë of agterstande te oorkom. Regverdigheid sluit ook die aanbod van verskeie geleenthede om studente gepas voor te berei, in.

3.8 Haalbaarheid

Die koste en praktiese implikasies van die assesseringsproses is redelik binne die konteks en die doel van die assessering.

3.9 Tydige terugvoer

Terugvoer op assessering het ten minste twee onderskeibare doelwitte. Die eerste is om studente in staat te stel om hul vordering te bepaal sowel as om leiding aan studente te gee oor hoe om hul prestasie te verbeter. Om hierdie doelwit te realiseer is dit noodsaaklik dat terugvoer tydig, relevant en insiggewend sal wees.

Die tweede doelwit van terugvoer is om inligting aan die dosent te verskaf oor die mate waartoe studente die module uitkomste bereik en hoe sy/haar onderrigbenadering bydra tot die bereiking daarvan, gegewe die studente se leerbehoeftes. Weereens, om hierdie doelwit te bereik moet terugvoer tydig, relevant en insiggewend wees.

4 BELANGRIKE TERMINOLOGIE

Formatiewe leergeleenthede – Hoewel meeste assesseringsgeleenthede die potensiaal het om studenteleer te bevorder, word daar vir die doel van hierdie dokument ’n onderskeid tussen formatiewe leergeleenthede en summatiewe assesserings, gehandhaaf. Enige geleentheid waarvan die primêre doel is om studenteleer progressief te bevorder (m.a.w. die generering van ’n punt is nie die primêre doel nie), kan beskryf word as ’n formatiewe leergeleentheid. Dit kan assesserings insluit wat studente se voorbereiding vir kontakgeleenthede fasiliteer (bv.

aanlyn assesseringsgeleenthede waar die student dadelik terugvoering ontvang oor sy verstaan van die voorgeskrewe materiaal).

Summatiewe assessering – Assesserings waarvan die primêre doel is om 'n punt vir studente te genereer met die oog daarop om die mate waartoe studente 'n voorgeskrewe bestek bemeester het, te bepaal (bv. 'n semestertoets).

Hoofassesseringsgeleenthede (A) – Summatiewe assesserings wat plaasvind tydens die geskeduleerde assesseringsperiodes. Hierdie assesserings vereis voorbereiding en word gewoonlik buite normale klastye geskeduleer.

Verdere Assesseringsgeleenthede (VA) – Alle assesseringsgeleenthede wat nie plaasvind tydens die geskeduleerde assesseringsperiodes nie, word beskryf as "Verdere assessering". Sulke geleenthede kan of formatief (VAF) of summatief (VAS) wees (sien 5.2 hieronder vir verdere operasionalisering).

Verdere assesseringsgeleenthede (VA) is onontbeerlik om toe te sien dat studente deurgaans hulle eie vordering in die module kan bepaal. VA kan ook gebruik word om eienskappe van graduandi verder te ontwikkel.

Assesseringstelsel – Verwys na die assesseringskonteks en vereistes van verskillende vlakke (bv. module, program, instelling, nasionaal). Die US volg 'n buigsame benadering tot assessering wat gerig word die nodige beleide en strategieë.

Assesseringsplan (soms uitruilbaar gebruik met "Assesseringsstrategie") - Die keuse van 'n beplanningsraamwerk om die assessering vir 'n hele module te struktureer. Dit fokus op die aspekte soos aantal assesserings, gewig van onderskeie assesserings se bydrae tot 'n prestasiepunt, toegang tot onderskeie assesseringsgeleenthede ens.

Assesseringsmetodes – Verskillende metodes wat gebruik kan word om studente te assesseer bv. toetse, geskrewe werkstukke, projekte, groepwerk, aanbiedings, aanlyn SunLearn toetse ens.

5 BUIGSAME ASSESSERING VIR VOORGRAADSE MODULES

Die Fakulteit volg 'n buigsame benadering tot assessering (soos beskryf in die US Assesseringsbeleid) as die enigste assesseringsbenadering in alle voorgraadse modules. Hierdie benadering word hier gekonseptualiseer as 'n omvattende benadering tot assessering wat poog om voorsiening te maak vir die definiërende aspekte van beide die gevestigde eksamenbenadering tot assessering sowel as die vorige deurlopende assesseringsbenadering. Aangesien 'n buigsame benadering voorsiening maak vir 'n verskeidenheid van assesseringsmetodes behoort studente daarvan bewus gemaak word dat assesseringspraktyke in verskillende fakulteite en modules verskil (selfs tussen modules in dieselfde fakulteit). Studente behoort die moduleraamwerk van elke module versigtig te bestudeer om die module se assesseringsbenadering te bevestig.

In die buigsame assesseringsbenadering wat die fakulteit volg word voorsiening gemaak vir hoofassesseringsgeleenthede en verdere assesseringsgeleenthede. Die uiteensetting van hierdie benadering wat hieronder beskryf word, word grafies voorgestel in Figuur 1.1 (semestermodules) en Figuur 1.2 (jaarmodules).

5.1 Hoofassesseringsgeleenthede (A)

Vir semestermodules word drie formele assesseringsgeleenthede deur die fakulteit/rooster/eksamenkantoor geskeduleer, naamlik tydens die assesseringsperiode (A1) in

die middel van die semester, tydens die eerste eksamentydperk (A2), en tydens die tweede eksamentydperk (A3). Hierdie assesserings vereis voorbereiding.

In semestermodules met ‘n hoë krediet kan ‘n klastoets gebruik word om ‘n VAS-punt te genereer. In dié gevalle is VAS ‘n hoofassessering. In sodanige semestermodules (met ‘n hoë krediet) waar VAS ‘n klastoets is, het die module die volgende hoofassesserings: A1, A2, VAS en A3 (of die ooreenstemmende assesserings in ‘n jaarmodule).

Vir jaarmodules word vyf moontlike assesseringsgeleenthede geskeduleer deur die fakulteit/rooster/eksamenkantoor, naamlik A1S1 tydens die assesseringsperiode in die middel van die eerste semester, A2S1 tydens die eerste eksamentydperk in die eerste semester, A1S2 tydens die assesseringsperiode in die middel van die tweede semester, A2S2 tydens die eerste eksamentydperk van die tweede semester, en A3S2 tydens die tweede eksamentydperk van die tweede semester. Hierdie assesserings vereis voorbereiding.

Hoofassesseringsgeleenthede wat deur die Fakulteit geadministreer word, is:
- Vir semestermodules: A1
- Vir jaarmodules: A1S1; A2S1; A1S2

Hoofassesseringsgeleenthede wat deur die departement/skool geadministreer word, is:
- Vir semestermodules met ‘n hoë krediet: VAS-toets

Hoofassesseringsgeleenthede wat deur die eksamenkantoor geadministreer word (insluitend alle aktiwiteite soos ooreengekom, bv. lokake, toesighouers en duplisering van vraestelle), is:
- Vir semestermodules: A2; A3
- Vir jaarmodules: A2S2; A3S2

5.1.1 Aanmelding vir hoofassesseringsgeleenthede

Die besluit om 'n assessering te voltooi, is onomkeerbaar sodra die student vir die assessering aangemeld het. As 'n student byvoorbeeld tydens die assessering siek word, sal die punt wat behaal is, geld asof die student die assessering voltooi het.

5.1.2 Asseseringsgeleenthede met meer as een vraestel

Vir hoofassesseringsgeleenthede wat bestaan uit twee afsonderlike vraestelle (wat op dieselfde dag of opeenvolgende dae geskryf word), en waar een van die twee vraestelle, om watter rede ook al, nie geskryf word nie, geld die volgende reëls:
- Die punt wat behaal word vir die vraestel wat geskryf is gedurende die hoofassessering, sal behou word.
- Vir die vraestel wat nie gedurende die hoofassessering geskryf is nie, sal ’n persentasie-punt gelykstaande aan die gekombineerde punte vir vraestel 1 en vraestel 2 in geleentheid A3/A3S2 toegeken word. Dit is belangrik om kennis te neem dat die betrokke student beide vraestelle in A3/A3S2 moet voltooi om vir hierdie modus operandi te kwalifiseer.
- Indien ’n student nog ’n assesseringsgeleentheid in ’n jaarmodule misloop – en dit kan aangevul word deur punte wat in A3S2 behaal word – sal die punt bestaan uit die gekombineerde punt wat in vraestel 1 en vraestel 2, soos geskryf in A3S2, behaal is.

5.1.3 Hoofassesseringsgeleenthede wat misgeloop word

- Soos aangedui in 5.4.1, indien ’n student nie kan deelneem aan ’n hoofassessering nie, ongeag die rede (bv. siekte, godsdienstige verpligtinge, trauma, verteenwoordigende sport

ens.), kan die student A3 (semestermodule) of A3S2 (jaarmodules) gebruik as 'n verdere assesseringsgeleentheid.
- Naas A3 (semestermodule) en A3S2 (jaarmodules) sal geen verdere/addisionele assesseringsgeleentheide geskeduleer word nie.

5.1.3.1 Skedulering van assesserings op godsdienstige vakansiedae

- Die Universiteit Stellenbosch respekteer die geloofsoortuigings van alle personeel en studente; derhalwe sal die Universiteit gesluit wees op nasionale openbare vakansiedae en geen assesserings sal op daardie dae geskeduleer word nie. Verder sal geen assesserings op spesifieke godsdienstige vakansiedae op die akademiese kalender geskeduleer word nie. Verdere reëlings sal vir elke akademiese jaar geïmplenteer word.
- Die Universiteit Stellenbosch behou die reg voor om datums te heroorweeg/wysig in die geval van onvoorsiene omstandighede wat moontlik die operasionele uitvoering of die voltooiing van die akademiese jaar kan beïnvloed.
- Die Fakulteit volg dieselfde skeduleringsreëls as die US-eksamenkantoor.
- Vir A1 en VAS-geleenthede (waar laasgenoemde 'n klastoets is) kan departemente/skole spesiale reëlings tref om studente toe te laat om assesserings rug-aan-rug te voltooi (op Vrydae waar dit onmoontlik was om nie A1 of VAS geleenthede te skeduleer nie [waar laasgenoemde 'n klastoets is]). Studente moet dosente ten minste twee weke voor die assessering in kennis stel indien hulle van hierdie spesiale geleentheid gebruik wil maak. Sien afdeling 5.9. vir meer inligting oor botsings van assesserings.

5.1.4 Merk/nasien van hoofassesseringsgeleenthede

Portuurfasiliteerders/studente-assistente/tutors mag nie A2/A2S2 of A3/A3S2-assesserings merk nie (uitgesluit assesseringstipes waar die risiko vir merkfoute onbeduidend is bv. multikeuse, waar/vals en een-woord antwoorde). In gevalle waar groot studentegetalle merkassistente vir A1/A1S1, A2S1 of A1S2 noodsaak, moet die beginsels van assessering (sien 2 – Beginsels vir effektiewe assessering) te alle tye nagekom word. Die dosent/eksaminator bly steeds verantwoordelik vir die opleiding, moderering en toesig van merkassistente.

5.1.5 Perke vir penalisering van laat inhandiging

Die volgende riglyne geld in verband met die maksimum penalisering wat toegelaat word wanneer geskrewe projekte of VAS opdragte laat ingehandig word:

- Tot 1 uur na die inhandigingstyd: 25% van die gegewe punt
- Meer as 1 uur, tot 6 ure na die inhandigingstyd: 50% van die gegewe punt
- Meer as 6 ure, tot 24 uur na die inhandigingstyd: 75% van die gegewe punt
- Meer as 24uur na die inhandigingstyd: 100% van die gegewe punt.

Omgewings kan meer toegeeflike penalisering toepas. Indien penaliserings vir laat inhandigings toegepas word, moet dit duidelik in die module raamwerk uiteengesit word.

5.2 Verdere assesseringsgeleenthede (VA)

Naas die hoofassesseringsgeleenthede **moet** modules ook voorsiening maak vir verdere assesseringsgeleenthede (VA) wat die student geleentheid gee om hul eie leer te bevorder en terugvoering te kry oor die mate waartoe hul die module-uitkomste bemeester. Die verdere assesseringspunt kan summatief wees in die sin dat dit kan bydra tot 'n semester-/jaarpunt wat ingesluit word in die formule vir die berekening van 'n finale punt. Dit kan egter ook formatief

wees in die sin dat dit voorsiening maak vir formatiewe leergeleenthede wat nie noodwendig punte verdien nie, maar wat noodsaaklik is om aan studente en dosente terugvoer te gee oor die vordering van leer en onderrig in ’n module op ’n gegewe tyd.

Formatiewe assessering skep die geleentheid vir studente om hulle eie bemeestering van die vak te bepaal **vóór A1/A1S1** (bv. elektroniese toetse, tutoriale en tipiese toetsvrae). Dit sal leer ondersteun en vir studente ‘n realistiese aanduiding van hul kennis tydens hulle voorbereiding vir A1 gee.

Die geleenthede vir Verdere Assessering (VA) bestaan uit die volgende:

5.2.1 Verdere assessering summatief (VAS):

In die geval van semestermodules word een punt gegenereer wat gebaseer is op ’n enkele tipe assessering (bv. een opstel **òf** een projek **òf** een werkstuk **òf** een tutoriaalpunt **òf** een klastoets NB: laasgenoemde **slegs** vir modules met hoë kredietwaardes (sien hieronder). In die geval van jaarmodules kan die een punt saamgestel word uit twee assesserings, bv. een per semester.

- Indien **tutoriaaltoetse** gebruik word om ’n tutoriaalpunt te bepaal, is die samestelling van die tutoriaalpunt onderhewig aan streng voorwaardes ten einde te waak teen oorassessering, en sluit die volgende reëls in:
  - Die tutoriaaltoets moet aan die **einde** van die tutoriaal (of lesing) geskryf word (in die klas).
  - Die inhoud van die tutoriaaltoets moet **slegs** handel oor die werk wat in die tutoriaal (of lesing) gedek is.
  - Die totale bydrae van al die tutoriaaltoetse gesamentlik mag ’n maksimum van **20 persent** van die prestasiepunt (PP) verteenwoordig.
  - Die gebruik van VAS (en die bydrae daarvan tot die prestasiepunt) **moet** in die moduleraamwerk ingesluit word.
  - Die moduleraamwerk **moet** die implikasies van geen deelname deur studente aandui.
- Indien **’n klastoets** gebruik word om ‘n VAS-punt te genereer, is dit **slegs** toelaatbaar vir modules met ’n hoë kredietlading en word dit as hoofassesseringsgeleentheid beskou. (Dit moet dus soos ander hoofassesseringsgeleenthede deur die fakulteit geskeduleer word.) Hierdie modules word soos volg gedefinieer:
  - Eerstejaar: Semestermodules ≥16 kt; Jaarmodules ≥ 24kt;
  - Tweedejaar: Semestermodules ≥ 18 kt; Jaarmodules ≥32 kt;
  - Derdejaar: Semestermodules ≥ 24 kt; Jaarmodules ≥ 32 kt

  NB: Indien ’n klastoets as VAS gebruik word, verteenwoordig dit die VAS-bydrae en kan daar nie nog tutoriaaltoetse (byvoorbeeld) as VAS benut word nie. Die tutoriaaltoetse sou dan as VAF kon dien (m.a.w. dit dra nie by tot die genering van ’n punt nie).

EN/OF

5.2.2 Verdere assessering formatief (VAF):

Geen summatiewe punt word gegeneer nie. Modules kan voorskriftelik wees in terme van die persentasiedeelname en/of bekwaamheidsvlak wat deur die student behaal moet word (hoewel dit met omsigtigheid gebruik moet word), **bv**. ’n student kry die geleentheid om 10 SUNLearn quizzes te voltooi (in sy/haar eie tyd). Die verwagting kan wees dat die student (byvoorbeeld) minstens 7 hiervan voltooi (deelnamepersentasie) en dat die student minstens 50% in byvoorbeeld 6 toetse behaal (bekwaamheidsvlakpersentasie). Die persentasiedeelname en/of bekwaamheidsvlak mag byvoorbeeld toegepas word op spesifieke studente, bv. van alle

studente wat nie 60 persent vir A1/A1S1 behaal het nie, word vereis om 'n spesifieke persentasiedeelname te behaal (bv. verpligte persentasiedeelname van 70 persent in tutoriale).

In gevalle waar persentasiedeelname en/of bekwaamheidsvlak gebruik word, is 'n uitpresteer-klousule **verpligtend**. Studente wat 'n prestasiepunt van byvoorbeeld hoër as 65 behaal het en nie voldoen aan die persentasiedeelname en/of bekwaamheidsvlakbepaling nie, kan steeds slaag aangesien hulle die bepalings uitpresteer het. Hierdie klousule kan deur die voorsitter/direkteur van die departement/skool uitgesluit word vir 'n module. In hierdie geval sal studente wat nie aan die persentasiedeelname en/of bekwaamheidsvlakbepalings voldoen nie, nie die module slaag nie. **Die departement/skool kan die uitpresteer-klousule van studente bepaal deur dit op hulle prestasiepunt te baseer. Die uitpresteer-vereiste wat deur die departement/skool gestel word, kan nie minder as 60 of meer as 70 wees nie. Hierdie persentasies moet in die moduleraamwerk ingesluit word.**

Let daarop: Die Dekaansvergunningseksamen (DVE) kan nie enige verplligte assessering wat vereis word om 'n module te slaag vervang nie aangesien die assessering spesifieke leeruitkomstes dek wat nie in enige ander manier gehaal kan word nie (bv., 'n verpligte internskap).

Die DVE is 'n alleenstaande eksamen wat buite die bestel van die EBW Voorgraaddse Assesseringsreglement val.

Die gebruik van VAF moet in die moduleraamwerk ingesluit word. Indien van toepassing, moet die moduleraamwerk ook die implikasies uitspel wanneer studente nie aan die persentasiedeelname en/of bekwaamheidsvlakbepalings voldoen nie.

5.3 Reëls met betrekking tot die bydrae van hoofassesseringsgeleenthede (A) en verdere assesserings (VA) tot 'n prestasiepunt (PP) na A2/A2S2

Die formule vir die berekening van die prestasiepunt kan nie deur die loop van 'n semester verander nie. Die formule wat in die moduleraamwerk gepubliseer is, bly geldig.

5.3.1 Reëls: Gewigte vir Semestermodules

Die prestasiepunt vir die module word soos volg bereken:

$$\text{PP na A2} = \left(\frac{w_1}{w_{som}} \text{ x A1}\right) + \left(\frac{w_{FA}}{w_{som}} \text{ x FAS}\right) + \left(\frac{w_2}{w_{som}} \text{ x A2}\right)$$

waar

w_1 = gewig wat A1 bydra tot w_{som}

w_{VA} = gewig wat VA bydra tot w_{som}

w_2 = gewig wat A2 bydra tot w_{som}

w_{som} = die som van die gewigte van al die assesserings (altyd 100 na A2).

- A1 kan nie meer as 40 persent bydra tot die prestasiepunt nie.
- VA kan nie meer as 30 persent bydra tot die prestasiepunt nie.
- A2 kan nie meer as 60 persent bydra tot die prestasiepunt nie en ook nie minder as 40 persent nie.

- Indien verdere assesseringsgeleenthede slegs bestaan uit formatiewe leergeleenthede (VAF) (m.a.w. geleenthede wat geen punt genereer wat bydra tot die prestasiepunt nie) is $w_{VA} = 0$.

5.3.2 Reëls: Gewigte vir Jaarmodules

Die prestasiepunt vir die module word soos volg bereken:

$$\text{PP na A2S2} = \left(\frac{w_1}{w_{sum}} \text{ x A1S1}\right) + \left(\frac{w_{FA}}{w_{sum}} \text{ x FAS}\right) + \left(\frac{w_2}{w_{sum}} \text{ x A2S1}\right) + \left(\frac{w_3}{w_{sum}} \text{ x A1S2}\right) + \left(\frac{w_4}{w_{sum}} \text{ x A2S2}\right)$$

waar

w_1 = gewig wat A1S1 bydra tot w_{som}

w_{VA} = gewig wat VA bydra tot w_{som}

$w_{2 =}$ gewig wat A2S1 bydra tot w_{som}

w_3 = gewig wat A1S2 bydra tot w_{som}

w_4 = gewig wat A2S2 bydra tot w_{som}

w_{som} = die som van die gewigte van al die assesserings (altyd 100 na A2S2).

- A1S1 kan nie meer as 20 persent bydra tot die prestasiepunt nie.
- Verdere assesserings summatief (VAS) kan nie meer as 30 persent bydra tot die prestasiepunt nie.
- A2S1 en A1S2 (hoofassesseringsgeleenthede) kan elk nie meer as 30 persent bydra tot die prestasiepunt nie en ook nie minder as 20 persent nie.
- A2S2 (hoofassesseringsgeleenthede) kan nie meer as 40 persent bydra tot die prestasiepunt nie en ook nie minder as 20 persent nie.
- Indien verdere assesseringsgeleenthede slegs bestaan uit formatiewe leergeleenthede (VAF) (m.a.w. geleenthede wat geen punt genereer wat bydra tot die prestasiepunt nie) is $w_{VA} = 0$.

5.3.3 Vroeë Assessering in eerstejaarsmodules

Vroeë Assessering is nie deel van die formule om die prestasiepunt te bepaal nie. Waar Vroeë Assessering vereis word deur die Universiteit, kan ‘n formatiewe of summatiewe punt gelaai word om as Vroeë Assessering te dien (bv. ‘n *quiz*, A1/A1S1 of ‘n ander vorm van assessering) sodra die punt beskikbaar is. Dit mag nodig wees om die sperdatum van die Vroeë Assessering uit te stel.

5.4 Toegang tot assesseringsgeleenthede en slaagvereistes

In die Buigsame Assesseringsbenadering het **alle** geregistreerde studente toegang tot die hoofassesseringsgeleenthede (A), m.a.w. A1 en A2 (in die geval van semestermodules) en A1S1, A2S1, A1S2, A2S2 (in die geval van jaarmodules) en die verdere assesseringsgeleenthede (VA). **Geen klaspunt (soos in die eksamenstelsel) word verwerf nie**.

Sommige studente kan ‘n slaagpunt behaal voor A3/A3S2, selfs al het hulle ‘n assesseringsgeleentheid misgeloop. Hierdie studente moet die geleentheid gebied word om ‘n punt vir nog ‘n assessering te behaal (A3/A3S2). Indien ‘n student dus ‘n FM≥50 na A2 (in modules met hoë kredietladings) / A2S2 (jaarmodules) behaal het, en die student het ‘n

assesseringsgeleentheid misgeloop, kan hy/sy A3/A3S2 gebruik om sy/haar punt te verbeter. Die prestasiepunt word dan bereken met die formule in 5.5.

In die geval van studente wat verskeie assesseringsgeleenthede misgeloop het, of lae punte in verskeie assesserings behaal het, tot die mate dat dit onwaarskynlik is dat hulle 'n slaagpunt vir die module sal behaal. Hierdie studente moet ook toegelaat word om A3/A3S2 te voltooi aangesien hulle die geleentheid moet kry om 'n prestasiepunt te behaal. Dit is onder meer belangrik vir die voorvereiste bepalings in sommige modules (sien 5.4.4).

Verder, in die Buigsame Assesseringsbenadering word die beginsel toegepas dat studente deurlopend moet werk en dat **geen enkele assessering** (bv. A2/A2S2) sal bepaal of die student **slaag of druip nie** (soos die geval in die eksamenstelsel is).

5.4.1 Toegang tot A3 (semestermodules) en A3S2 (jaarmodules)

- A3 (semestermodules) of A3S2 (jaarmodules) word gebruik wanneer 'n student 'n assesseringsgeleentheid **misgeloop** het OF indien die student 'n verdere geleentheid benodig om die module te slaag (ongeag die rede waarom die student na afloop van A2/A2S2 nog nie 'n prestasiepunt van ten minste 50 behaal het nie). Departemente/skole sal gevolglik die monitering van siektesertifikate vryspring. Geen verdere assesseringsgeleenthede word geskeduleer ná A3/A3S2 nie.
- Indien 'n student enige van A1 of A2 (semester) of enige twee van A1S1, A2S1, A1S2 en A2S2 (jaarmodules) nie aflê nie, kry hulle toegang tot A3 of A3S2 en die prestasiepunt word bereken soos verduidelik in 5.5.
- Indien 'n student bv. A1 **en** A2 van 'n normale krediet semestermodule misgeloop het (ongeag die rede) sal die student nie kan slaag nie, aangesien die student nie op grond van slegs een hoofassessering kan slaag of aan enige voorvereistes kan voldoen nie en die student sal die module sak na afloop van A2.
- 'n Student kan nie toegang kry tot A3 (semestermodules) of A3S2 (jaarmodules) omdat hy/sy nie die Verdere Assessering summatief (VAS) voltooi het nie, tensy die VAS bestaan uit 'n klastoets (slegs vir modules met 'n hoë kredietwaarde).
- In semestermodules, kan 'n student A3 gebruik as 'n bykomende assesseringsgeleentheid om die module te slaag indien hy/sy slegs een hoofassesseringsgeleentheid misgeloop het (of 'n VAS-klastoets in modules met hoë kredietwaarde).
  In jaarmodules kan A3S2 gebruik word as 'n ekstra assesseringsgeleentheid om die module te slaag indien 'n student:
  - 'n maksimum van twee hoofassesseringsgeleenthede misgeloop het OF
  - een hoofassesseringsgeleentheid en 'n VAS-klastoets (in 'n hoë kredietmodule) misgeloop het, OF
  - 'n VAS-klastoets (in 'n hoë kredietmodule) misgeloop het.

  Vir ander assesserings wat misgeloop is, word 'n nulpunt toegeken.
- Die gebruik van A3 of A3S2 vir puntverbetering met die oog op toelating tot nagraadse programme is 'n departementele aangeleentheid.
- In gevalle waar studente 0 behaal het weens 'n dissiplinêre bevinding (byvoorbeeld vir plagiaat), sal die assesseringsgeleentheid as afgehandel beskou word. 'n Assesseringspunt van 0 sal in alle formules gebruik word.
- Wanneer 'n finalejaarstudent van A3 gebruik maak in die tweede semester of A3S2 vir jaarmodules, sal graduering eers in Maart/April van die daaropvolgende akademiese jaar moontlik wees.

- Reëls vir toegang tot A3 en A3S2 (om die module te slaag) moet in die moduleraamwerk uiteengesit word.

5.4.2 Slaagvereistes

- Vir alle modules word ’n prestasiepunt van 50 of meer vereis om te slaag.
- In die geval van semestermodules moet ’n minimum van twee hoofassesseringsgeleenthede (sien 5.1.) voltooi word alvorens ’n geldige prestasiepunt verwerf kan word. Vir semestermodules met ‘n hoë krediet (sien 5.2.1) waar VAS ‘n klastoets is, moet ‘n minimum van twee van die vier hoofassesseringsgeleenthede (A1, VAS [die klastoets], A2, A3) voltooi word om ‘n geldige prestasiepunt te verwerf. Vir jaarmodules moet ’n minimum van drie hoofassesseringsgeleenthede voltooi word om ’n geldige prestasiepunt te verwerf. Indien studente nie ’n geldige prestasiepunt verwerf nie, sal hulle die module sak.
- Indien ’n student alle assesserings voltooi het (A1, A2 en VAS in die geval van semestermodules en A1S1, A2S1, A1S2, A2S2 en VAS in die geval van jaarmodules) en steeds nie ’n prestasiepunt van 50 of meer bereik het nie, kan A3 (semestermodules) of A3S2 (jaarmodules) afgelê word as ‘n aanvullende assessering om hulle prestasiepunt te verbeter.
- Indien die student A3 of A3S2 gebruik as ‘n **aanvullende** assessering (m.a.w. nie as ’n **misgeloopte** assessering nie) kan ‘n **maksimum prestasiepunt van 50** toegeken word.
- Indien die student A3 of A3S2 gebruik omdat hulle ‘n hoofassessering **misgeloop** het kan ‘n **prestasiepunt van 50 of meer** toegeken word.
- Wanneer ‘n prestasiepunt tussen 30 en 50 ná A3/A3S2 is (bereken met behulp van die formule), moet die punt afgerond word, aangesien slegs die volgende punte gelaai kan word: 29, 35, 40, 45 en 50. Dit is ooreenkomstig met die kriteria vir voorvereiste modules (sien 5.4.4) en die dekaansvergunningseksamen.
- Wanneer ‘n prestasiepunt tussen 30 en 34.9 ná A3/A3S2 is (bereken met behulp van die formule), moet ‘n besluit geneem word oor of die prestasiepunt van 35 of minder as 30 toegeken word.
- Ander sub-minima mag gespesifiseer word om te slaag (sien 5.4.3).

5.4.3 Ander sub-minima

Geen sub-minima mag strydig wees met die reëls van 5.3 en 5.4 of die gees en doelwitte van hierdie dokument nie, met ander woorde sub-minima persentasies behoort nie sulke hoë eise te stel dat studente spesifiek vir hierdie assesserings moet voorberei nie.

Alle sub-minima moet in die moduleraamwerk ingesluit word.

5.4.4 Gebruik van assessering om aan voorvereiste kriteria te voldoen

“’n Voorvereiste module (V) is ’n module waarin ... ’n prestasiepunt van minstens 40... behaal moet word alvorens die module waarvoor dit ’n voorvereiste is, voortgesit mag word.” (Jaarboek Deel 1). Sien afdeling 5.4.2. Nota: ‘n Student moet minstens twee hoofassesseringsgeleenthede (semestermodule) of drie hoofassesseringsgeleenthede (jaarmodule) voltooi om ‘n geldige prestasiepunt te behaal (bv. ‘n student kan nie een assessering voltooi, 40 behaal en beweer dat hulle aan die voorvereiste voldoen het nie, aangesien dit nie 'n geldige finale punt is nie).



Figuur 1.1. Semestermodules



Figuur 1.2. Jaarmodules

5.5 Reëls met betrekking tot die berekening van die prestasiepunt na A3/A3S2

In die berekening van punte ná A3, dra alle assesseringsgeleenthede by tot die prestasiepunt, dus word geen assesseringspunt vervang nie. Die prestasiepunt word bereken as 'n geweegde gemiddeld van die punte behaal in die verskeie assesseringsgeleenthede, in verhouding tot die gewig van elke assessering. Indien 'n student nie 'n spesifieke assessering voltooi het nie, word 'n nulpunt toegeken vir daardie assessering en die gewig van die assessering word verminder

tot nul (behalwe waar ‘n student ‘n FAS misgeloop het in ‘n normale kredietmodule; dan sal die FAS-gewig steeds tel).

5.5.1 Reëls: Berekening van die prestasiepunt na A3 vir semestermodules

Die prestasiepunt ná A3 vir semestermodules word soos volg bereken:

$$\text{PP na A3} = \left(\frac{w_1}{w_{som}} \text{ x A1}\right) + \left(\frac{w_{FA}}{w_{som}} \text{ x FAS}\right) + \left(\frac{w_2}{w_{som}} \text{ x A2}\right) + \left(\frac{w_5}{w_{som}} \text{ x A3}\right)$$

Waar, soos in 4.3.1

w_1 = gewig wat A1 bydra tot w_{som}

w_{VA} = gewig wat VA bydra tot w_{som}

w_2 = gewig wat A2 bydra tot w_{som} en addisioneel

w_5 = gewig wat A3 bydra tot w_{som} waar

w_{som} = die som van die gewigte van al die assesserings afgelê deur die student.

- Die gewigte van A1, VAS en A2 is dieselfde as in 5.3.1.
- A3 kan nie meer as 60 persent of minder as 40 persent (dieselfde reeks as A2) bydra tot die som van die gewigte nie. A2 en A3 hoef nie dieselfde gewig te wees nie, maar die gewig van A3 (w_5) moet gelyk of groter wees as die hoogste gewig van die ander hoofassesseringsgeleenthede.
- Die minimum vir w_{som} is 100; daarom, indien w_{som} bereken word as minder as 100, moet 100 steeds in die formule gebruik word.
- Die prestasiepunt na A3 kan nie laer wees as die prestasiepunt na A2 nie.

5.5.2 Berekening van die prestasiepunt na A3S2 vir jaarmodules

Die prestasiepunt na A3S2 vir jaarmodules word soos volg bereken:

$$\text{PP na A3S2} = \left(\frac{w_1}{w_{som}} \text{ x A1S1}\right) + \left(\frac{w_{FA}}{w_{som}} \text{ x FAS}\right) + \left(\frac{w_2}{w_{som}} \text{ x A2S1}\right) + \left(\frac{w_3}{w_{som}} \text{ x A1S2}\right) + \left(\frac{w_4}{w_{som}} \text{ x A2S2}\right) + \left(\frac{w_5}{w_{som}} \text{ x A3S2}\right)$$

Waar, soos in 4.3.2

w_1 = gewig wat A1S1 bydra tot w_{som}

w_{VA} = gewig wat VA bydra tot w_{som}

w_2 = gewig wat A2S1 bydra tot w_{som}

w_3 = gewig wat A1S2 bydra tot w_{som}

w_4 = gewig wat A2S2 bydra tot w_{som}, en addisioneel

w_5 = gewig wat A3S2 bydra tot w_{sum} waar

w_{som} = die som van die gewigte van al die assesserings voltooi deur die student.

- Die gewigte van A1S1, VAS, A1S2 en A2S2 is dieselfde as in 5.3.2.
- A3S2 kan nie meer as 40 persent of minder as 20 persent (dieselfde reeks as A2S2) bydra tot die som van die gewigte nie. A2S2 en A3S2 hoef nie dieselfde gewig te wees nie, maar die

gewig van A3S2 (w_5) moet gelyk of groter wees as die hoogste gewig van die ander hoofassesseringsgeleenthede.
    - Die enigste uitsondering op bogenoemde reël is in gevalle waar A3S2 gebruik word omrede die student **twee hoofassesseringsgeleenthede** misgeloop het. In hierdie geval word die gewig van A3S2 bereken as die som van die gewigte van die twee hoofassesseringsgeleenthede wat misgeloop is.
- Die minimum vir w_{som} is 100; daarom, indien w_{som} bereken word as minder as 100, moet 100 steeds in die formule gebruik word.
- Die prestasiepunt na A3S2 kan nie laer wees as die prestasiepunt na A2S2 nie.

5.6 Bekendmaking en laai van punte vir modules

Geen **prestasiepunte** mag op SUNLearn gelaai word of deur departemente/skole aan studente, hulle ouers of 'n derde party gegee word nie. Die Universiteit weerhou die punte van studente met uitstaande gelde op hul akademiese rekords. Alle assesseringspunte wat behaal is voor A2/A2S2 moet op SUNLearn opgelaai word om studente in staat te stel om hul eie vordering volgens die formule te bereken.

5.6.1 Vir semestermodules

5.6.1.1 Na A1

Die punte behaal in A1 word binne 'n redelike tyd op SUNLearn of op soortgelyke wyse, soos in die moduleraamwerk uiteengesit, bekend gemaak. A1 punte moet ook op die Studente Inligtingstelsel van die Universiteit (SIS) gelaai word.

5.6.1.2 Voor A2

Verdere Assessering (VA) se punte moet ook aan studente op SUNLearn of op soortgelyke wyse, soos in die moduleraamwerk uiteengesit, bekend gemaak word. Die punte moet ten minste vyf dae (Sondae uitgesluit) voor A2 bekendgemaak word.

5.6.1.3 Na afloop van A2 en voor A3

- Na afloop van A2 word 'n prestasiepunt (soos bereken deur formule in 5.3) of opmerkings vir elke student op SIS gelaai.
    - Die betrokke prestasiepunte of opmerkings moet verkieslik vyf dae, maar minstens drie dae, voor A3 op SIS gelaai word. Die Fakulteit volg die institusionele besluit oor die aantal dae en die bepaling van die aantal dae. Wat die November-tydperk betref, moet dit nie later nie as die laaste dag gelaai word wat in die universiteitsalmanak vir die laai van die prestasiepunte of opmerkings ná die eerste eksamen in November bepaal word.
    - ~~Die punte behaal in A2 word op SUNLearn bekendgemaak binne 'n redelik tyd of op 'n soortgelyke wyse, soos in die moduleraamwerk uiteengesit. Let op dat geen prestasiepunte op SUNLearn bekendgemaak mag word nie.~~
- Nadat 'n prestasiepunt bereken is volgens die formule, word 'n .csv-leêr met 3 kolomme geskep vir die oplaai op SIS. Die eerste kolom in die .csv-leêr is die studentenommer, kolom twee is die prestasiepunt en die laaste kolom is vir die opmerkingskode.
- Die uitslae moet as finaal op SIS gemerk word nadat prestasiepunte of opmerkings gelaai is, sodat studente via die gewone kanaal (www.maties.com) toegang tot hul resultate kan verkry.

- Sien Addendum A (Laai van punte op SIS) vir meer inligting op kommentaarkodes en ander kommentaar.

5.6.1.4 Na afloop van A3

- Indien ‘n student ‘n punt in A3 verwerf het, moet die prestasiepunt, wat volgens die formule in 5.5.1 bereken is, so vroeg as moontlik op SIS gelaai word, maar nie later nie as teen die datum soos aangetoon in die universiteitsalmanak waarop prestasiepunte van die tweede eksamen gelaai moet word. SIS sal outomaties die opmerking “sak”, “slaag” of “slaag met onderskeiding” teenoor die betrokke prestasiepunt wat gelaai word, byvoeg.
- Indien ‘n student toelating tot A3 gehad het, maar dit nie afgelê het nie, is die prestasiepunt (soos bereken met die formule in 5.3.1) wat gelaai moet word, die prestasiepunt wat reeds voor A3 verwerf is.
- Prestasiepunte tussen 30 en 50 met as een van die volgende opgelaai word: 29, 35, 40, 45 of 50.
- Nadat ’n prestasiepunt bereken is volgens die formule, word ’n .csv-leêr met 3 kolomme geskep vir die oplaai op SIS. Die eerste kolom in die .csv-leêr is die studentenommer, kolom twee is die prestasiepunt en die laaste kolom is vir die opmerkingskode.
- Die uitslae moet as finaal op SIS gemerk word nadat prestasiepunte gelaai is, sodat studente via die gewone kanaal (www.maties.com) toegang tot hul resultate kan verkry.
- Sien Addendum A (Laai van punte op SIS) vir meer inligting op kommentaarkodes en ander kommentaar.
- Die pute wat behaal word in A3 moet nie op SUNLearn bekendgemaak word nie. Verder, geen prestasiepunte mag op SUNLearn bekendgemaak word nie.

5.6.2 Vir jaarmodules

5.6.2.1 Voor A2S2

- Die punte behaal in A1S1, A2S1 en A1S2 word binne ’n redelike tyd op SUNLearn of 'n soortgelyke wyse, soos in die moduleraamwerk uiteengesit, bekend gemaak.
- A1S1-punte en die vorderingspunt (soos bereken na A2S1) moet op SIS gelaai word.
- Verdere Assesserings (VA) se punte moet ook aan studente op SUNLearn of 'n soortgelyke wyse, soos in die moduleraamwerk uiteengesit, bekend gemaak word. Die punte moet ten minste vyf dae (Sondae uitgesluit) voor A2S2 bekend gemaak word.
- Dan moet die vorderingspunte van die middel van die jaar, ná A2S1, teen die datum in Julie soos in die universiteitsalmanak bepaal word, op SIS gelaai word (dit word benodig vir die berekening van HEMIS vir heropname in koshuise die volgende jaar).

5.6.2.2 Na afloop van A2S2 en voor A3S2

- Na afloop van A2S2 word ’n prestasiepunt (soos bereken deur formule in 4.3.2) of opmerkings vir elke student op SIS gelaai.
  - Die betrokke prestasiepunte of opmerkings moet verkieslik vyf dae, maar ten minste drie dae, voor A3S2 op SIS gelaai word, maar nie later nie as die laaste dag wat in die Universiteitsalmanak vir die laai van prestasiepunte of kommentaar ná die eerste eksamen in November bepaal word. Die Fakulteit volg die institusionele besluit oor die aantal dae en die bepaling van die aantal dae.

- ~~Die punte behaal in A2S2 word op SUNLearn bekendgemaak binne 'n redelik tyd of op 'n soortgelyke wyse soos in die moduleraamwerk uiteengesit. Let op dat geen prestasiepunte op SUNLearn bekendgemaak mag word nie.~~

- Nadat 'n prestasiepunt bereken is volgens die formule, word 'n .csv-leêr met 3 kolomme geskep vir die oplaai op SIS. Die eerste kolom in die .csv-leêr is die studentenommer, kolom twee is die prestasiepunt en die laaste kolom is vir die opmerkingskode.
- Die uitslae moet as finaal op SIS gemerk word nadat prestasiepunte of opmerkings gelaai is, sodat studente via die gewone kanaal (www.maties.com) toegang tot hul resultate kan verkry.
- Sien Addendum A (Laai van punte op SIS) vir meer inligting op kommentaarkodes en ander kommentaar.

5.6.2.3 Na afloop van A3S2

- Indien 'n student 'n punt in A3S2 verwerf het, moet die prestasiepunt, wat volgens die formule in 4.5.2 bereken is, so vroeg as redelik moontlik op SIS gelaai word, maar nie later nie as teen die datum soos aangetoon in die universiteitsalmanak waarop prestasiepunte van die tweede eksamen in November gelaai moet word. SIS sal outomaties die opmerking "sak", "slaag" of "slaag met onderskeiding" teenoor die betrokke prestasiepunt wat gelaai word, byvoeg.
- Indien 'n student toelating tot A3S2 gehad het, maar dit nie afgelê het nie, is die prestasiepunt wat gelaai moet word, die prestasiepunt wat reeds voor A3S2 verwerf is (soos bereken met die formule in 5.3.2).
- Prestasiepunte tussen 30 en 50 met as een van die volgende opgelaai word: 29, 35, 40, 45 of 50.
- Nadat 'n prestasiepunt bereken is volgens die formule, word 'n .csv-leêr met 3 kolomme geskep vir die oplaai op SIS. Die eerste kolom in die .csv-leêr is die studentenommer, kolom twee is die prestasiepunt en die laaste kolom is vir die opmerkingskode.
- Die uitslae moet as finaal op SIS gemerk word nadat prestasiepunte gelaai is, sodat studente via die gewone kanaal (www.maties.com) toegang tot hul resultate kan verkry.
- Sien Addendum A (Laai van punte op SIS) vir meer inligting op kommentaarkodes en ander kommentaar.
- Die pute wat behaal word in A3S2 moet nie op SUNLearn bekendgemaak word nie. Verder, geen prestasiepunte mag op SUNLearn bekendgemaak word nie.

5.7 Toegang tot en bewaring van gemerkte antwoordstelle

Studente sal normaalweg A1 (semestermodules) of A1S1, A2S1 en A1S2 (jaarmodules) se antwoordstelle terugontvang wanneer die punte bekendgemaak word.

Studente se toegang tot A2 en A3 (semestermodules) asook A2S2 en A3S2 (jaarmodules) se gemerkte antwoordstelle word hanteer soos vir eerste en tweede eksamenantwoordstelle, onderskeidelik (Eksamens: Jaarboek Deel 1). Die student kan die vraestel met die dosent bespreek om te leer uit foute en die dosent kan seker maak dat daar geen berekeningsfoute gemaak is nie. Dit is egter nie 'n geleentheid vir die student om die bepunting van die vraestel te betwis nie. Geen eksterne herbeoordeling (hermerk) is beskikbaar in Buigsame Assessering nie (sien Algemene Jaarboek 8.4 vir bepalings).

Dosente moet die antwoordstelle vir ten minste een semester na afloop van die assesserings bewaar, tensy studente dit terugontvang het.

5.8 Werk gedek per assessering, assesseringstipe en -tyd

Die voorgeskrewe werk per assessering, soos bepaal deur die dosent, asook die formaat van die assessering moet duidelik uiteengesit word in die moduleraamwerk en op SUNLearn. Vir semestermodules dek A1 normaalweg die werk wat tot voor A1 behandel is. A2 dek normaalweg by semestermodules die werk van die hele semester, maar met die klem op die werk wat na die eerste assessering behandel is. A3 dek óf die hele semester se werk min of meer eweredig, óf lê meer klem op die werk ná A1 na gelang van die aard van die module.

A2S2 kan die werk van die hele jaar dek of meer fokus plaas op die werk van die tweede semester. A3S2 dek die hele jaar se werk min of meer eweredig. Studente moet kennis kry oor die voorgeskrewe werk per assessering.

A3/A3S2 moet dieselfde leeruitkomste assesseer as wat die student misgeloop het. 'n Geskrewe opdrag of rekenaarprojek kan byvoorbeeld nie deur 'n tradisionele toets vervang word nie. In gevalle waar 'n student byvoorbeeld 'n geskrewe werkopdrag in ‘n hoofassesseringsgeleentheid (bv. 'n opstel) misgeloop het, is uitstel met puntevermindering verkieslik bo 'n tradisionele toetsformaatassessering in A3/A3S2. Dit moet duidelik in die moduleraamwerk uiteengesit word.

Die duur van A2 en A3 (semestermodules) en A2S2 en A3S2 (jaarmodules) moet dieselfde wees.

5.9 Assesseringsroosters en –botsings

‘n Botsing word gedefinieer as ‘n assessering op dieselfde datum en tyd as ‘n ander assessering. Botsings word op die volgende wyse bestuur:

- Vir assesserings wat deur die departement/skool administreer word: Departemente/skole mag studente akkommodeer deur byvoorbeeld die student toe te laat om die assesserings direk na mekaar te voltooi.
- Vir assesserings wat deur die eksamenkantoor administreer word (A2; A3; A2S2 en A3S2): Dieselfde reëls geld as dié wat vir modules geld waar die eksamensisteem gebruik word, naamlik:
  - In die geval van ‘n botsing in A2/A2S2, kan studente besluit watter van die botsende modules se A2/A2S2 hulle gaan voltooi, en kan hulle van A3/A3S2 gebruik maak vir die ander module, met geen verdere assessering indien die punt onder 50 is nie.
  - Indien ‘n botsing in A3/A3S2 weer onafwendbaar is, sal die eksamenkantoor toelaat dat die student die modules se assesserings direk na mekaar aflê.

5.10 Moderering

Interne en eksterne modereringsprosesse geld vir buigsame assesseringsmodules. Minstens 40 persent van die prestasiepunt van die module is onderworpe aan interne moderering en in die geval van ’n uittreevlak-module moet ten minste 40 persent van die prestasiepunt ook ekstern gemodereer word. Hoofassesseringsgeleenthede se antwoordstelle sal tipies hierby ingesluit word (bv. A2 in die geval van ’n semestermodule of bv. A2S1 en A2S2 in ’n jaarmodule).

5.11 Dekaansvergunningseksamen (DVE)

Die Dekaansvergunningseksamen (DVE) word toegestaan ooreenkomstig universiteitsriglyne. (Sien Jaarboek, Deel 1, afdeling 15.) **Die DVE is nie deel van die Voorgraadse Assesseringsreglement nie**. Indien ‘n student ‘n punt van meer as 50 vir die DVE behaal, sal

hy/sy die module slaag (‘n punt van 50 word gelaai). Die punt maak nie deel uit van die module se punteberekeningsformule nie.

'n DVE kan vir een enkele module toegestaan word slegs indien dit die enigste module van hoogstens 48 krediete is wat die student kort om te gradueer én mits 'n prestasiepunt van minstens 30 in die betrokke module verwerf is (ongeag die aantal assesserings voltooi).

- Alle DVEs in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe word tydens 'n enkele eksamengeleentheid vóór die aanvang van voorlesings einde Januarie afgelê en geen verdere eksamenvraestelle sal vir die doel van 'n DVE opgestel word nie. Dit impliseer dat die student slegs ‘n DVE kan skryf vir een module.
- Studente wat vir programme in ‘n ander fakulteit geregistreer is, moet die DVE-reëls van daardie fakulteit volg.
- Studente moet hul uitslae kontroleer en so gou moontlik vir die DVE registreer op die skakel wat verskaf sal word (gewoonlik teen die middel van Januarie van die betrokke jaar).
- Indien ’n student minder as 50 persent vir ’n DVE behaal, sal die prestasiepunt soos bereken volgens formule na afloop van A2/A3, behou word.

ADDENDUM A: LAAI VAN PUNTE MET SIS

1. Algemeen

- Dosente is verantwoordelik vir die punte van modules wat hulle aanbied. Administratiewe personeel moet slegs die prestasiepunt op die stelsel laai, maar die dosent is verantwoordelik om die akkuraatheid van die punt na te gaan.
- Die EBW-puntstelsel kan nie ‘n nul (0) punt hanteer nie. Gebruik ‘n 1 (een) in plaas van nul. Wanneer ‘n nul in die prestasiepunt veld opgelaai word sal geen punt vertoon op die student se studierekords nie (slegs die kommentaar).

2. Laai van punte vir A1/A1S1-geleentheid

Die punte wat in A1/A1S1 behaal is, moet na afloop van ‘n aanvaarbare tydperk op SUNLearn gelaai word, of op soortgelyke wyse soos in die moduleraamwerk uiteengesit. **A1-punte moet ook op SIS gelaai word.**

3. Laai van prestasiepunte na A2/A2S2-geleentheid

Die laaste dag vir die laai van prestasiepunte na A2/A2S2 is verkieslik 5 dae maar nie later nie as 3 dae (Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit) vóór A3/A3S2 afgelê word. Dis sodat studente betyds ingelig en die allokering van module-lokale betyds gedoen kan word.

Prestasiepunte en kommentaar word gelaai in die vorm van ‘n csv-lêer. Die csv-lêer bevat drie kolomme: studentenommer, prestasiepunt en kodenommer.

Die toegelate kommentaarkodes en die gepaardgaande toepaslike prestasiepunte is soos volg:

Wanneer gebruik	Toepaslike prestasiepunt (PP)	Kodenommer	Kommentaar op studenterekord
Student kom deur na A2/A2S2: Die student het aan al die slaagvereistes voldoen en slaag die module na A2/A2S2. Die student het al die hoofassesseringsgeleenthede voltooi en het nie toegang tot A3/A3S2 nie.	PP≥50	Geen kode gelaai, die stelsel genereer outomaties ‘n kode	"Slaag" of " Slaag met onderskeiding"
Student het ‘n hoofassesseringgeleentheid misgeloop MAAR het genoeg hoofassesseringsgeleenthede voltooi en ‘n prestasiepunt van 50 of meer behaal. Die student het toegang tot A3/A3S2 en kan kies om dit te gebruik of nie. Sien die prosedure hieronder.	PP≥50	Geen kode gelaai, die stelsel genereer outomaties ‘n kode	"Slaag" of " Slaag met onderskeiding"

~~Nie-finale jaar student het 'n hoofassessering misgeloop MAAR het genoeg hoofassesseringsgeleenthede voltooi en 'n prestasiepunt van 50 of meer behaal. Die student het tot A3/A3S2 en kan kies om dit te gebruik of nie.~~	~~0~~	~~78~~	~~Verdere assessering toegelaat~~
Student druip na A2/A2S2 (het 'n prestasiepunt van minder as 50), alhoewel die student alle hoofassesseringsgeleenthede voltooi het. Die student het toegang tot A3/A3S2 om sy/haar punt te verbeter.	Laai punt 0.1 – 29, 35, 40 of 45	78	Verdere assessering toegelaat
Die student het nie genoeg hoofassesseringsgeleenthede voltooi nie en het na A2/A2S2 'n prestasiepunt van minder as 50. Die student het toegang tot A3/A3S2 om 'n finale punte van 50 of meer te behaal.	Laai punt 0.1 – 29, 35, 40 of 45	78	Verdere assessering toegelaat
Die student het nie genoeg hoofassesseringsgeleenthede voltooi nie alhoewel die student 'n prestasiepunt van 50 of meer behaal het. Die student moet A3/A3S2 voltooi om 'n geldige prestasiepunt te behaal (om aan die vereistes van 'n geldige prestasiepunt te voldoen naamlik, voltooi twee hoofassesseringsgeleenthede (semestermodules) of voltooi drie hoofassesseringsgeleenthede (jaarmodules)).	0	78	Verdere assessering toegelaat
Die student is betrokke in 'n Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) saak en die uitkoms is hangende. Die student moet toegelaat word om A3/A3S2 te voltooi. Sodra die uitkoms van SDK saak bekend is moet 'n puntwysiging gedoen word. Let wel die punt van die betrokke	0	78	Verdere assessering toegelaat

assesseringsgeleentheid moet op SUNLearn gelaai word.			
Die student het 'n hoofassesseringmisgeloop en moet 'n spesifieke tipe assessering voltooi vir A3/A3S2 om die misgeloopte assessering aan te vul (bv. in gevalle van skryfintensiewe modules). Dit moet duidelik in die moduleraam- werk gestel word.	0	79	Assess, sien kursusr (Verdere assessering, sien moduleraamwerk)
Die student het nie enige assesserings voltooi nie	0	49	Geen assess voltooi
Die student kan nie genoeg hoofassesserings voltooi om 'n geldige prestasiepunt te behaal nie (selfs al sou die student toegang hê tot A3/A3S2)	Laai punt 0.1 – 29, 35, 40 of 45	60 Geen kode gelaai, die stelsel genereer outomaties 'n kode	Fail

LET WEL: HIERDIE IS DIE ENIGSTE TOEGELATE KODES VIR VOORGRAADSE EBW-MODULES.

Prosedure vir ~~finalejaar~~studente wat slaag in hoë krediet semester of jaar modules na A2/A2S2 alhoewel hulle 'n hoofassessering misgeloop het:

Indien die student kies om gebruik te maak van die A3/A3S2 geleentheid (ongeag die feit dat hy/sy reeds geslaag het) word die volgende prosedure gevolg:

- Die student moet die dosent binne twee werksdae nadat A2/A2S2 punte bekend is in kennis stel of hy/sy kies om A3/A3S2 te voltooi, wat beteken dat hy/sy gradueer in Maart/April van die volgende jaar.
- Die dosent stuur die volledige lys van hierdie na die eksamenkantoor sodat hulle name bygevoeg kan word vir toegang by die lokaal. Hierdie lys moet ook aan die fakulteit se administrateur in die registrateurskantoor gestuur word om hulle name van die Desember gradelys af te haal aangesien hulle eerder in Maart/April wil gradueer.

4. Laai van prestasiepunte na A3/A3S2 asook vorderingspunte vir voorgraadse jaarmodules

'n Prestasiepunt en/of kommentaar moet vir elke student wat toegang het tot A3/A3S2 gelaai word, op dieselfde manier as na A2/A2S2.

Die toegelate kommentaarkodes en die gepaardgaande toepaslike prestasiepunte is soos volg:

Wanneer gebruik	Toepaslike prestasiepunt (PP)	Kodenommer	Kommentaar op studenterekord

Die student slaag na A3/A3S2. Let wel: Indien die student nie slaag na A2/A2S2 nie en A3/A3S2 word gebruik om sy/haar punt te verbeter, mag die prestasiepunt slegs 50 wees.	FM≥50	Geen kode gelaai, die stelsel skep outomaties 'n kode	"Slaag" of "Slaag met onderskeiding"
Student druip na A3/A3S2.	FM≤45	60	Sak
Die student het nie genoeg hoofassesseringsgeleenthede voltooi nie, dus het die student nie voldoen aan die vereiste om minstens twee hoofassesseringsgeleenthede (semestermodules) of drie hoofassesseringsgeleenthede (jaarmodules) te voltooi nie.	Laai punt 0.1 – 29, 35, 40 of 45	37	Onvoldoende assess afgelê (Onvoldoende assesserings voltooi)
~~Die student het nie enige assesserings voltooi nie.~~	~~0~~	~~37~~	~~Onvoldoende assess afgelê~~ ~~(Onvoldoende assesserings voltooi)~~

LET WEL: HIERDIE IS DIE **ENIGSTE** TOEGELATE KODES IS VIR VOORGRAADSE EBW-MODULES.

5. Publikasie van prestasiepunte

Geen prestasiepunte mag deur die departement/skool aan studente, hulle ouers of 'n derde party bekendgemaak word nie. (Punte van studente met uitstaande gelde word weerhou.)

6. Punte-aanpassing voor en na die afsnydatum

Indien die puntelys gefinaliseer is en veranderinge voor die laaste datum vir die laai van prestasiepunte (soos gepubliseer in die universiteitsalmanak) gemaak word, moet die voorsitter/direkteur van die departement/skool die relevante fakulteitsadministrateur kontak om die lys toeganklik te maak. Onthou asseblief om hierdie veranderinge te finaliseer.

Enige veranderinge ná die laaste datum vir die laai van prestasiepunte moet gedoen word via 'n punte-aanpassingsvorm. Dit moet deur die voorsitter/direkteur geteken word en aan die relevante fakulteitsekretaresse gestuur word.

***